

21 Mei

1 Petrus 1:22-25; HK, Sondag 20

Hoe bly die Heilige Gees ewig by my?

Jesus belooft aan my dat die Heilige Gees ewig by my sal bly. Maar nou is daar mense wat dink dit sal outomaties gebeur - so asof Jesus ons nie ook hierin mede verantwoordelik maak nie. Sommige gedooptes leef onverskillig teenoor die kerk en prediking. Hulle dink 'n gedoopte se geloof is soos 'n vuurtjie of plantjie wat nooit kan doodgaan nie. Hierdeur word 'n geloofsfout begaan.

Die Heilige Gees het die geloof in ons harte begin deur die prediking van die Woord en ook nie anders onderhou Hy die geloof as deur die prediking van die Woord nie. Die gepredikte Woord van God is die saad van die wedergeboorte en die geloof. Wil jy dus seker wees dat die Heilige Gees ewig by jou sal bly, dat jy sal volhou tot by die eindstreep? Dan moet jy na die kerk en na die Nagmaal. Wat sou van koning Dawid geword het as die Here nie vir Natan na hom gestuur het nie? En ook van Petrus as Jesus Hom nie weer opgesoek het nie? As die Here nie hierdie mense vasgehou het met sy Evangelie nie, dan sou van hulle niks geword het nie. Deur die lewendmakende wonder van die Evangelie hou die Heilige Gees ons vas. Daarom kan die wedergeborene nie anders nie: hy gaan na die kerk om die prediking van die Evangelie te hoor en die sakramente te gebruik. As ons hierdie pad nie verlaat nie, sal die Heilige Gees na sy belofte ewig by ons bly.

Sing: Psalm 119:11

Ds. J.H. Grobler (Grootfontein)